DIE BYBEL
in 'n neutedop
Numeri

—deur Peter Hammond

- In GENESIS sien ons die mens se verderf
- In EKSODUS sien ons die mens se verlossing
- In LEVITIKUS sien ons die mens se eerbiediging van God
- In NUMERI sien ons die mens se rebellie teen God

'n Oorsig van Numeri

Numeri begin by die Berg Sinai waar die Israeliete hulle wette en verbond van God ontvang het en waar God Hom by hulle in die heiligdom gevestig het. Die taak wat vir hulle voorlê, is om die Beloofde Land in te neem. Die volk word getel en voorbereidings word getref vir die hervatting van hulle tog. Die Israeliete begin die reis, maar begin onmiddellik murmureer en kla oor die ontbering en ongerief. Hulle arriveer by die grense van Kanaän en stuur spioene die land in, maar toe hulle die spioene se negatiewe verslae hoor, weier die Israeliete om besit van Kanaän te neem. God beperk hulle tot die wildernis totdat 'n nuwe geslag kan opgroei en die taak kan volbring.

Omswerwinge in die wildernis

Die boek sluit af met die nuwe geslag Israeliete op die vlakte van Moab, gereed vir die oorsteek van die Jordaanrivier. Numeri is die hoogtepunt van die verhaal van Israel se eksodus uit verdrukking in Egipteland en hulle reis om besit te neem van die land wat God aan hulle vaders beloof het. As sodanig sluit die boek van Numeri die temas af wat in Genesis ingelei is, en in Eksodus en Levitikus voltrek is. God het die Israeliete belowe dat hulle 'n talryke nasie sal word, dat hulle 'n besondere verhouding met Jahweh sal hê, en dat hulle die land van Kanaän sal besit.

Numeri is die hoogtepunt van die storie van Israel se eksodus uit verdrukking in Egipteland en hulle reis om besit te neem van die Beloofde Land.

Die reis na die Beloofde Land

Die Beloofde Land van Kanaän was 'n skrale elf dae se reis van Egipte af. Weens die negatiewe en ontmoedigende berigte wat deur tien van die twaalf spioene teruggebring is, en omdat die volk van Israel gekies het om die positiewe verslae van Josua en Kaleb te ignoreer, het die Israeliete egter gemor en teen God gerebelleer en het die reis hulle in werklikheid 13 780 dae geneem.

Weens hulle ongeloof en ongehoorsaamheid het God verklaar dat, met die uitsondering van Josua en Kaleb, elkeen van daardie rebelse geslag wat ouer as 20 jaar oud is, sal sterf voordat die nasie van Israel die Beloofde Land sou binnegaan. 'n Nuwe geslag is opgelei en in die wildernis gedissiplineer om die Beloofde Land te verower, 40 jaar na die Eksodus.

Slegte voorbeelde

Numeri verskaf talle voorbeelde van hoe om nie as die volk van God op te tree nie. Die tien ontroue spioene het 'n negatiewe verslag gegee wat die volk só ontmoedig het dat hulle hardop geween het, teen Moses en Aäron gemor het, en hulle wou stenig. Hulle het verklaar dat hulle liewer in Egipte sou wou sterf! Die volk het nie ag geslaan op die aansporing van Josua en Kaleb nie (Num 13:30).

Rebellie van Korag

Later in Numeri lees ons van Korag wat 250 leiers in 'n rebellie teen Moses en Aäron opgesweep het: *"Dit is nou genoeg. Die hele gemeente, elke lid daarvan, is gewyd en die Here is by hulle. Waarom verhef julle julle dan bo die gemeente van die Here?"* Num 16:3. Moses se reaksie op hierdie opstand was om na die Here toe te draai. Die Here het vuur uit die Hemel gestuur wat die rebelle verteer het en die aarde het hulle ingesluk. Tog, selfs na hierdie demonstrasie van God se krag, het die kinders van Israel steeds teenoor Moses en Aäron gekla.

Die koperslang op 'n paal

Toe die Israeliete gemurmureer het deur te sê hulle sal verkies om terug te gaan na Egipte in plaas daarvan om dankbaar vir God se voorsiening in die wildernis te wees, het God hulle met 'n ernstige plaag van giftige slange getref wat die mense gepik het. Toe het die volk erken: *"Ons het teen die Here en teen u gesondig met wat ons gesê het. Bid tog tot die Here dat Hy die slange van ons af wegneem."* Die Here het Moses beveel: " 'Maak 'n beeld van 'n giftige slang en sit dit op 'n paal. Elkeen wat gepik is en daarna opkyk, sal lewe.' »

Jesus in Numeri

• Numeri openbaar baie oor ons Here Jesus Christus. *"Moses het die slang in die woestyn hoog op 'n paal gesit; so moet die Seun van die mense verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê. God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."* Joh 3:14-16. Die slange van sonde het ons almal gepik, en die loon van die sonde is die dood. Ons moet na Christus kyk, gekruisig vir verlossing

• Die hedendaagse simbool vir ambulanse en paramedici is 'n slang op die stok waarop gesinspeel word in Numeri 21:9 en Johannes 3:14. *"'n Ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op."* Num 24:17 (1933 vertaling)

• Jesus is die **Brood van Lewe** en die **Rots van ons Verlossing**. Wie dors het, moet na Hom toe kom en drink, en uit sy binneste sal 'n rivier van lewende waters vloei (Johannes 7:37-39). Jesus is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.

• Net soos Israel 40 jaar in die wildernis deurgebring het, het Jesus 40 dae in die wildernis deurgebring waartydens Hy versoek is, voordat Hy Sy bediening op aarde begin het

• Om Aäron se roeping tot hoë priester te bevestig, moes die leiers van elk van die 12 stamme hulle staf of stok in die teenwoordigheid van God neerlê. Die volgende oggend het Aäron se staf met blare, blomme en vruggies uitgespruit. Die ander stokke was steeds dood. Op dieselfde wyse het God gewys dat Jesus Christus die Messias, ons Hoë Priester is omdat Hy gesterf en lewend geword het tot in alle ewigheid.

Die priesterlike seën

"Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!" Num 6:24-26.

DIE BYBEL in 'n neutedop

Numeri

Miriam & Aäron

Nieteenstaande die groot aantal magtige wonderwerke en die wonderbaarlike voorsiening, het die kinders van Israel aanhoudend gemurmureer, gekla en gerebelleer. Moses moes selfs opstokery van sy broer, Aäron (die hoëpriester) en sy suster, Miriam (wat hom as baba in die riete versteek het) in die gesig staar. Jaloesie, 'n begeerte na verering en 'n kritiese gees het daartoe gelei dat Miriam sewe dae lank met melaatsheid gestraf is, totdat sy tot inkeer gekom het.

Moses het toe 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit. As iemand wat deur 'n slang gepik is, na die koperslang opkyk, het hy bly leef." Num 21:8,9.

Gered om te dien

Numeri is duidelik daaroor dat die kinders van Israel uit slawerny in Egipte bevry is om God te dien. Hulle is gered om te dien. Uit die instruksies van God aan Moses leer ons van: sorgvuldigheid, sindelikheid en kosbaarheid.

Sorgvuldigheid, sindelikheid, kosbaarheid

Elke stam is 'n spesifieke plek toegeken met betrekking tot die ander stamme. Die kamp moes in 'n reghoek wees, met die Tabernakel in die middel en bepaalde plekke aan elke stam toegeken. Wanneer die wolk- of die vuurkolom skuif, moes die Israeliete dit volg. Baie spesifieke opdragte is gegee aangaande die uitmekaarhaal, afslaan en vervoer van die meubels en toerusting van die Tabernakel. Die volgorde van die optog was spesifiek, met die stam van Juda aan die voorpunt. Numeri spesifiseer strawwe vir sondes van nalatigheid. God verwag van Sy volk om sorgvuldig wees. Die kamp moes silwerskoon wees. Offerandes is op 'n daaglikse, weeklikse en maandelikse basis benodig. Slegs die beste kon aan God geoffer word. Aanbidding vereis opoffering. Ware liefde word aan opoffering gemeet.

Die frustrasie van afvalligheid

Numeri verduidelik die frustrasie daarvan om afvallig te wees. Die kinders van Israel was bevry van slawerny in Egipte, maar hulle het nog nie die Beloofde Land, waar melk en heuning vloei, binnegegaan nie. Dit is 'n beeld van die afvallige Christen, wat te veel van die wêreld in hulle het om Christus te geniet en te veel van Christus in hulle het om die wêreld te geniet.

Die sonde van Moses en die Rots

Moses het uitmuntende werk gelewer om so 'n groot menigte ontevrede, murmerende mense te lei. Toe God hom egter beveel het om die Rots aan te spreek, het Moses die Rots twee keer geslaan. Weens hierdie ongehoorsaamheid het God vir Moses gesê dat hy nooit die Beloofde Land sou binnegaan nie. 'n Mens mag vra hoekom so 'n swaar straf vir wat op die oog af na so 'n geringe oortredinkie vir ons mag lyk – omdat daardie Rots, Christus was. Ons lees in 1 Korintiërs 10:4, dat die Rots waaruit die water gevloei het, wat die kinders van Israel in die wildernis krag gegee het, Christus was. Christus het eenmalig vir ons sondes gely, Hy kan nie vir 'n tweede keer geslaan word nie. Ook was dit nie nodig om Hom te verplig nie. Hy het Sy lewe gewillig vir ons opgeoffer.

"Hierdie dinge het gebeur as voorbeelde vir ons dat ons ons nie soos hulle deur sondige begeertes moet laat dryf nie." 1 Korintiërs 10:6

God in Numeri

Numeri openbaar vir ons heelwat oor God: Hy is 'n God van liefde en genade wat Sy volk van kos, water en beskerming voorsien het. Ons sien die Heiligheid, geregtigheid en toorn van God in Sy wette en in Sy oordeel oor rebellie. God is 'n Heilige God en ons moet Hom vrees en aanbid. ■